

A F D E L I N G D.

KRITIESE SAMEVATTING,

GEVOLGTREKKINGS

EN AANBEVELINGS.

(Hoofstuk X: Aanpassing en Reorganisasie in ons Middelbare Onderwys as 'n voorvereiste vir Hervormings in die onderwys van Skoolvakke.

.....
Hoofstuk XI: Die Plek van Vreemde-taalonderwys binne die raamwerk van 'n rekbaarder stelsel.

.....
Hoofstuk XII: Die Ideaal met betrekking tot die Leerplan vir Duits as derde Taal.

.....
Hoofstuk XIII: Slotbeskouing).

HOOFSTUK X.

AANPASSING EN REORGANISASIE IN ONS MIDDELBARE ONDERWYSSTELSEL AS 'N VOORVEREISTE VIR HERVORMINGS IN DIE ONDERWYS VAN SKOOLVAKKE.

1. Die wyere agtergrond en die probleem van reorganisasie.

In Afdeling C waarin die leerplanvoorsiening en eksamenmetodes vir die middelbare skool en die onderwys van Duits as vreemde taal in die buiteland nagespoor is, het ons 'n bevestiging gevind vir die aanduiding in die "Inleiding en Probleem-omskrywing" dat die gees van die middelbare onderwys in 'n hoë mate die rigting waarin die onderwys van die verskillende skoolvakke beweeg, sal bepaal¹, omdat die leerplan- en eksamenvereiistes in Duits telkens teen die agtergrond van die breër stelsel van middelbare onderwys gesien en interpreteer is. In Suid-Afrika waar die leerplan- en eksamen-aangeleentheid nog nie van die matrikulasie-tradisie bevry is nie², het laasgenoemde oorheersende invloede by die onderwys van die middelbare skoolvakke reeds geblyk uit die onvermoë van die leerplansamestellers en eksaminatore in Duits om te ver van die ou paaie af te wyk³. Daarom is dit van belang dat ons eers tot 'n bevredigende oplossing vir die probleem van ons middelbare onderwys sal geraak, voordat die noodsaaklike hervormings in die onderwys van die skoolvakke die volle aandag sal kan geniet.

2. Middelbare onderwys in Suid-Afrika 'n slagoffer van sy eie tradisies.

(a) Kandel wys daarop dat daar in alle lande van die wêreld 'n mate van onrus in die geledere van die middelbare onderwys te bespeur is⁴, wat te verklaar is uit die groot mate van on-

1. "Inleiding en Probleem-omskrywing" 1 (a).

2. Sien Hoofstukke 1.8 en 11.5.

3. Hoofstukke 111, V en VI.

4. Kandel: "Comparative Education", 628.

sekerheid en botsende beskouings met betrekking tot die bepaalde veld wat deur die middelbare onderwys betree moet word, in teenstelling met die algemene eenstemmigheid met betrekking tot die roeping van die laerskool om die leerlinge daardie basiese kennis en vaardighede by te bring, wat as die werkende geesteskapitaal belê word waarmee hul later in enige rigting kan voortwoeker. In Suid-Afrika is daar 'n verdere onrus veroorsaak deur die opdrywing van die eksamenstandaarde waardeur die universiteit die hoërskool beskuldig, en laasgenoemde weer die fout by die laerskool soek.¹

Ons merk in ons land dikwels ook so 'n mate van skeptisisme teenoor alle nuwe idees wat van die buiteland af hierheen kom, dat dit soms wil voorkom of ons, wat ons opvoedkundige denke betref, nie by magte is om buite die kring van die tradisionele te beweeg nie. Professor Burger het onlangs nog daarop gewys dat die Eerste Wêreldoorlog die betekenis van die adolessent vir 'n volk so sterk op die voorgrond gestel het, dat feitlik alle kultuurvolke van die wêreld sedertdien hul middelbare onderwys aan ondersoek en hervorming onderwerp het behalwe Suid-Afrika "met sy veranderde en snelveranderde lewensomstandighede", met die gevolg dat ons middelbare onderwys vandag weinig vriende besit². Hoewel ons landsomstandighede van dié van ander volke verskil sodat ons 'n eie oplossing vir ons eie onderwysvraagstukke sal moet vind, mag daar vir ons ook nuwe perspektiewe geopen word by die besef van die feit dat die algemene stroming in die middelbare onderwys oor die hele wêreld in 'n geheel ander rigting as dié van ons eie stelsel in Suid-Afrika beweeg. Ek noem veral die volgende gesigspunte wat duidelik uit Hoofstuk VIII geblyk het:

1. Vergelyk Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1935 (bl. 160).

2. (a) Prof. J.F. Burger in "Die Huisgenoot" van 19 Nov. 1948 (bl.20).

(b) Vergelyk ook "Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys" (De Villiers-verslag) par. 158 en 161.

(i) Baie van die grootste kultuurvolke van die wêreld het hul reeds losgemaak van die oorheersing van die eksterne eksamen en die verslawing aan die eksamenresultaat, en hul onderwysers met die gesag van groter vryhede en verantwoordelikheid in verband met die opvoeding van die kind en 'n groter aandeel aan die afneem van die eindeksamens van hul eie kandidate beklee.

(ii) Die middelbare kursus werk eers na die breedte deur vir 'n veelsydige algemene opvoeding deur die verpligting van 'n groot aantal studievakke, wat dan gaandeweg beperk word deur die beginsels van geleidelike uitskuiwing en/of aksentverskuiwing by die onderwys van die verskillende vakke wanneer die periode van groter spesialisasie betree word in die laaste twee of drie jaar van die lang middelbare kursus. Ons merk hier die algemene denkrigting dat spesialisasie nie ten koste van 'n breë, algemene opvoeding moet geskied nie, en dat die leerling daarvoor moet wag tot hy geestelik ryp is daarvoor.

(iii) Die primêre kursus sluit op die vroeë leeftyd van ongeveer 11 plus of 12 jaar af, en die lang middelbare skoolkursus duur gewoonlik tot ongeveer 18 jaar sodat niemand op 'n te vroeë leeftyd toelating na die hoëre onderwysinrigtings kan verkry nie.

In Suid-Afrika beweeg ons nog steeds in die rigting van verhoging van die leerplig¹, maar die vraag waarop daar 'n baie duidelike antwoord gevind moet word, is of ons stelsel reeds by die behoeftes van die heterogene groep leerlinge wat deur hierdie wetgewings na die hoërskool gedwing word, aangepas is soos die geval in die meeste ander lande van die wêreld is. Was hierdie leerpligverhogings die natuurlike gevolg van voorafgaande hervormings wat tot 'n beter aanpassing in die middelbare onderwys gelei het, of was ons nog steeds besig om die kar voor

die perde te span? Dit is een van die vele vrae waarby ons in ons tradisie-verknogtheid nog steeds die antwoord probeer ontwyk het. Waar die genoemde nuwe rigtings in die middelbare onderwys in ander lande ook uit en vir die behoeftes van sommige van die grootste kultuurvolke van die wêreld gebore is, noop die nood van die tyd ons daartoe om by die onderstaande feite in verband met ons stelsel in Suid-Afrika die vraag te stel, watter tyd die uurglas by ons middelbare onderwys aankondig.

(b) By enige beskouing in sake die leemtes in ons middelbare onderwys moet daar primêre oorweging geskenk word aan die rampspoedige gevolge van die oorheersing van ons leerplanne en onderwysmetodes deur 'n eksterne eksamen, omdat dit juis hierdie eksamenmanie is waaraan ons hier te lande nog grootliks ly, wat nog altyd die kanker in die wortel van ons hele stelsel van middelbare onderwys was.

Ons het hier egter met 'n baie netelige vraagstuk te doen, omdat ons onderwyswêreld enersyds al tot die besef gekom het, dat ons eksamenstelsel vir sekere wanpraktyke en euwels verantwoordelik is wat die wese van ons hele opvoedingstelsel raak, maar daarby ook 'n passiewe houding van berusting aangeneem het omdat ons nog nooit die middele vir die nodige hervormings kon vind nie. Daar word vandag ook in taamlike wye kringe gevoel dat ons huidige skoolstelsel wat hoofsaaklik op verouderde eksameneise ingestel is, die kind van sy voller ontwikkeling berooft; want hoewel ons skoeleksamens in die verlede 'n groot rol gespeel het om ons middelbare onderwys te standaardiseer¹, moet die volgende feite 'n antwoord verstrek op die vraag of die huidige bekleedsel van 'n oorgeërfde eksamentradisie nog by die lewenskragtiger beginsels van die nuwere opvoedkunde pas:

(i) Daar moet in die eerste plek op die ongekroonde heerskappy van die resultaat met die daaruit-vloeiende euwels en wanpraktyke gelet word; want feit is dat daar met verloop van tyd so

'n oordrewe waarde aan die sogenaamde "resultaat" geheg is, dat slaagpunte in die eksamen feitlik die enigste doel van ons middelbare onderwys geword het. Ons Suid-Afrikaanse publiek heg daar 'n ontsaglike waarde aan en beoordeel die werk van die skole daarvolgens; ons skole werk vir die ondersteuning van die publiek en wedywer met mekaar om die hoogste persentasie leerlinge deur die eksamens te kry; en ons koerante leen hul nog lank na die publikasie van die eksamenuitslae tot die nabetragting van korrespondente waarin die lof van sekere skole vir reklamedoeleindes besing word. Die begin van die skooljaar word dikwels met 'n heel gepaste aankondiging van die datums vir die eerste skooleksamens ingelui om die leerlinge in die regte stemming vir hul eintlike werk te bring; en dié vakke waarin daar geen eksamen gedoen word nie, word hierby as minder belangrik beskou en as sodanig behandel. Op hierdie wyse beweeg ons hele stelsel net in die enge kring van die eksamenresultaat in 'n paar eksamenvakke, en word die onderwys verarm en 'n struikelblok in die weg van die kind se voller ontwikkeling vir 'n ryker lewe van geestelike aanpassing.

Een van die grootste wanpraktyke in verband met ons eksamen-besetene stelsel van middelbare onderwys is die misbruik wat daar van die eksamenresultaat as algemeen-aanvaarde maatstaf vir die bekwaamheid van die onderwyser as opvoeder gemaak word, al word dié resultaat ook met die mees onopvoedkundige metodes bereik. Waar hierdie wanpraktyke baie meer onbekend in die buiteland is¹, het dit in ons land reeds sodanige afmetings aangeneem, dat 'n mens hier op die euwels van die kommersialisering van die simbool sou kon wys. Hierdie tradisie spruit reeds voort uit 'n gebruik wat soms in swang was in die verlede om die onderwyser volgens die eksamenresultate van sy leerlinge te besoldig, en ons departementele onderwysowerhede skyn vandag nog soms 'n oordrewe waarde aan die simbool te heg, aangesien die gemiddelde persentasie van die eksamenkandidate van elke vakonderwyser soms noukeurig van departementswys uit-

1. Sien Hoofstuk Vlll.6.

gewerk word vir vergelyking met die gemiddeldes vir die hele provinsie. As hierdie vergelyking nie gunstig vir die onderwyser uitval nie - 'n verskynsel wat moontlik in enkele gevalle aan die onbevoegdheid van die onderwyser self, maar in die meeste gevalle aan ander oorsake gewyt moet word soos die toevallig swak intellektuele bedeling van 'n paar agtereenvolgende eksamenklasse, te groot klas, 'n ongenoegsame tydsbedeling vir die onderwys van die bepaalde vak en/of 'n ongunstige periodeverspreiding, of die feit dat die onderwyser self sy geloof in geheuewerk en eksamendressuur verloor het en ander ideale nastreef - kan dit selfs gebeur dat 'n departementele inspekteur in sy amptelike hoedanigheid gaan ondersoek instel. Die sogenaamde goeie of swak simbole van die onderwyser word dikwels uitgebuit, soms ook in die publiek of deur sy eie kollegas. Gevalle is selfs bekend van laakbare gedrag van onderwysers wat die uitslae van hul kollegas met die publiek bespreek, waarby daar dan slegs op die gesigswaarde van die simbole geoordeel word sonder inagneming van die omstandighede waaronder die onderwys geskied het. Op hierdie wyse het die eksamenuitslae van die middelbare leerkrag vandag nie alleen 'n soort handelsartikel geword wat in 'n groot mate die "markwaarde" van die onderwyser bepaal en waardeur ons toegelaat het dat die middelpunt van die aandag van die kind na die onderwyser verskuif is nie, maar het die hele simbole-aangeleentheid ook tot onrus en spanning in die professie gelei wat vrugdraende onderwys onmoontlik maak. Waar dit moontlik was om daarop te wys dat hierdie smousery met gemiddeldes en simbole 'n praktyk is wat in die veel vryer buitelandse stelsels feitlik onbekend is¹, kon die skrywer enige jare gelede in die geval van die onderwys van Duits deur ondersoeke vasstel, dat 'n baie hoër persentasie onderwysers in Suid-Afrika dood-eerlik daaromtrent is dat dit hul vernamste doel met die onderwys van die vak is om die beste moontlike simbool vir hul leerlinge binne die bestaande

1. Hoofstuk VIII.6.

praktyke te behaal¹. Ons onderwysowerhede mag vandag nie meer onverskillig staan teenoor die feit dat hierdie soort praktyke nog aan die orde van die dag is en dat die kind nog veelal in terme van 'n moontlike simbool getakseer word nie. Want die onderwyser het vandag geen tyd meer om die kind in 'n rustige en kalme atmosfeer van selfstudie na die waaragtige najaging van kennis te lei nie; daarenteen word die leerling deur die eksamens gedryf met metodes waarteen soms die ernstigste bedenkinge ingebring kan word. Dit is hierdie soort metodes waarna daar onlangs uit hoër akademiese kringe verwys is as die "slawe-arbeid" van die middelbare onderwyser "aan die kennis-pomp....om....kennis te probeer inpomp in 'n klomp teësinnige leerlinge wat die onderwyser se loopbaan kan maak of breek deur die manier waarop hulle die ingepompte kennis by die eksamen teruggee"², en wat 'n ander geleerde met verontwaardiging laat uitroep het: "Opvoeding? Opvoetering! Die kind is later net so bly as die onderwyser as hy die skool kan verlaat"³. Alvoorens hierdie tradisie nie afgebreek is nie, sal daar ook geen sprake van 'n bevredigende reorganisasie-skema vir die onderwys van enige vak kan wees nie, nog minder van enige vrugbare inwerking van 'n opvoedende persoonlike kontak tussen opvoeder en opvoedeling, waar die onderwyser die draer en beliggaming van 'n verhewe idealisme moet wees.

(11) Uit voorgaande beskouing volg ook duidelik dat ons eksamenstelsel die aksent op verkeerde opvoedkundige waardes plaas, waaronder veral genoem moet word die oorbeklemtone van blote geheuewerk ten koste van die selfstandige studie en geestelike rypwording van die kind. Daar is maar net 'n paar vakke in die hoërskool waarin afrigting vir eksamens die leerlinge daardie soort kennis en vaardighede bybring wat vir hul meesal van werk-

1. Sien Hoofstuk IV.5.

2. Prof. J.F. Burger in "Die Huisgenoot" van 19-11-48 (bl. 63).

3. Dr. P.G. le Clus in "Die Huisgenoot" van 23 Julie 1948 (bl. 18).

likheidswaarde in die lewe kan wees. Hier dink ons veral aan die beroepskundige kommersiële, tegniese en vaardigheidsvakke soos Boekhou, Naaldwerk en Tikskrif. In die meeste vakke wat buite hierdie groep val, word daar egter veral op feite-inhoud toegespits wat vir die leerling van weinig waarde is en wat hy buitendien baie gou weer vergeet nadat die eksamen afgelê is. Met die moontlike uitsondering van die onderwysers vir genoemde groep vakke is die meeste ander leerkragte dit vandag eens dat ons eksamentegnieke die onderwys van ons skoolvakke in 'n rigting dwing waardeur ons geen reg daaraan kan laat geskied nie. Waar die simbole-, kurwe- en mediaanstelsel nog van krag is in ons land, word die eksaminatore in 'n groot mate verplig om met hul gemiddeldes rekening te hou wat min of meer met dié van vorige jare moet ooreenstem; en omdat die onderwysers hul metodes op die eksamens inrig en die onderwys vir eksamentegnieke al hoe meer gespesialiseerd raak, moet daar ten alle koste verhoed word dat die eksamengemiddeldes in die hoogte skiet. Daarom word daar dikwels juis dié tipe minder belangrike feite gevra waardeur heelwat leerlinge punte sal verbeur. Die gevolg is dat ons eksamenstelsel in die meeste vakke nie veel meer as 'n blote geheue-toets geword het nie. Daar moet in hierdie verband egter verwys word na die stelling van Ballard dat 'n goeie toets nie met die feite as sodanig behep moet wees nie, maar met die verwerking en gebruik daarvan¹. Omdat die eksamen geen maatstaf is waarmee die ware geestelike groei wat die onsigbare en belangrikste resultaat van die opvoeding is, gemeet kan word nie, word die intellektuele, sedelike en emosionele groei van die leerling in ons skole met geheuewerk verwar. Daarby word die kind deur hierdie metodes wat op die eksamen afstuur, ook nie tot ware selfstandigheid opgevoed nie, omdat daar met die oog op goeie eksamenresultate nie te veel aan die kind self oorgelaat kan word nie. Geen wonder dan, dat ons univer-

1. (a) Ballard: "The New Examiner", 70.

(b) Vergelyk ook: Davis - "Matter and Method of Modern Teaching". 25.

siteite vandag kla dat ons hoërskoolleerlinge geestelik onryp en swak toegerus vir selfstandige studie na die universiteit gaan nie.

(iii) 'n Belangrike gevolg van hierdie toespitsing op minder belangrike feite is ook, dat die werklik-belangrike feite wat die leerling sy lewe lank behoort by te bly, nie behoorlik tot besinking kan kom nie, en meesal tussen en tesame met die minder belangrikes verlore raak. In 'n opvoedkundige rubriek van 'n Amerikaanse tydskrif het ons 'n paar jaar gelede die volgende beskouing verneem: "He (the scholar) stays at no thing long enough to suck at its marrow. One experience, properly assimilated, may become flesh and blood; a host of experiences, closely spaced, are but vaguely remembered. As Dr. Arthur G. Pills, psychologist from the University of Cincinnati, puts it, 'Time is telescoped to such an extent and we have so many stimuli that the patterns of memory are broken up'"¹. In Suid-Afrika is die leerplanne vandag so oorlaai dat daar geen tyd is om by dié dinge wat van fundamentele belang is, stil te staan, as die eksamensweep ons ook deur al die kleinere en mees onbenullige feitjies laat voortbeur nie. In dié verband verwys ek graag na die kragtige pleidooi wat 'n bekende Suid-Afrikaanse staatsman in 1934 op die konferensie van die Nuwe Onderwysbond in Johannesburg gelewer het ten gunste van 'n deeglike grondslag in dié dinge wat van fundamentele belang is, terwyl die kleinere besonderhede aan naslaanwerke oorgelaat moet word².

(iv) Hierdie stelsel waaraan ons nog vaskleef, is vandag ook al so verouderd, dat dit nog net in die lig van uitgediende sielkundige begrippe geregverdig kan word; en met die behoud daarvan, aanvaar ons nog altyd in die praktyk die verouderde leerstellinge van die Engelse filosoof van die 18de eeu, John Locke,

1. George H. Henry in die "Ladies Home Journal" van Januarie 1947.

2. Sien Malherbe: "Educational Adaptations in a Changing Society" bl. 5.

vir wie enige leerstof slegs as 'n middel om die gees of psige te oefen, gegeld het. Hoe meer onprakties en uit verband met die lewe die leerstof, des te beter dan juis die oefening aan die psige volgens hierdie teorie. Daarom moes die leerstof nie terwille van sy eie waarde gekies word nie, maar as 'n blo- te middel vir 'n gewaande geestesvorming of geestelike dissipli- ne. By die aanhoor van sommige van die argumente ter verdedig- ing van ons huidige praktyke wil dit soms voorkom of hierdie verouderde leerstellinge, wat reeds met die opkoms van die Ek- sperimentele Sielkunde in die 19de eeu verwerp is, vandag nog vaardig is in sekere opvoedkundige kringe in Suid-Afrika.

Feit is egter, dat 'n groot aantal navorsers op die sielkundige terrein reeds afdoende bewyse gelewer het dat die verstandelike ontwikkeling nie van die gekose leerstof afhanklik is nie, maar veral uit die sogenaamde newe-produkte van die leerproses geput word soos die ontwikkeling van metodes en tegnieke in verband met leer, die ontwikkeling van die aandag en konsentrasiever- moë, en die aankweek van gesindhede en gewoontes, en dat hier- die newe-produkte uit enige moontlike bron van studie gehaal kan word. Pyle som die resultaat van hierdie navorsings as volg op: "Unless there is some specific contribution to be got from a study, I am not justified in studying it for such by- products as it may give me, for there are other studies which are valuable in themselves and have the same by-products"¹; en Starch wys daarop dat ... "The value of a meal depends upon the meal itself, and not upon the crumbs that fall from the table"².

(v) Dit moet egter duidelik verstaan word dat daar met die ver- set teen ons huidige eksamenstelsel geen "sagte pedagogiek" be- oog word nie. Inteendeel word dit algemeen gevoel dat harde werk goed is vir die kind se geestes- en karaktervorming, maar dat hy hard moet werk aan dié dinge wat vir hom van werklike waarde in die lewe sal wees. Dis die goeie teken van die tyd

1. Pyle: "Psychology of Learning". 319.

2. Starch: "Educational Psychology", 294.

dat daar vandag ook in Suid-Afrika 'n kentering met betrekking tot hierdie probleem van die middelbare onderwys bemerk word.

(c) Die belangrike faktor van die oorheersing van ons leerplanne en onderwyspraktyke deur verouderde eksamenmetodes werp ook lig op die groot vraagstuk van die botsende eise van die lewe en die leerplan, wat enersyds 'n uitvloeisel van die eksterne eksamentradisie is, en andersyds 'n parallelle ontwikkeling daarvan as 'n gelyksoortige voortbrengsel van 'n konserwatiewe denkrigting in die onderwys. In voorgaande beskouings in sake die leemtes in ons eksamenstelsel het dit duidelik geblyk dat laasgenoemde in die reël nie dié soort kennis aanmoedig wat op die lewensvereistes ingestel is nie. Die leerplan is nie vir die kind en die lewe bedoel nie, maar vir die eksamen wat slegs met die matrikulasie-vereistes (dit is, kwalifikasie vir universiteits-toelating) rekening hou, welke vereistes vandag nog ons middelbare skoolstelsel in Suid-Afrika oorheers en die kursus vereng (veral vir dié grote gros wat nie na die universiteit gaan nie¹), sowel deur die akademiese aard van die leerstof, as die onnodig-beperkende grondslag vir die aantal gekose vakke wat ook deur die Skooleindeksamens aanvaar moes word.²

Afgesien van die feit dat die leerstof weens die eksterne eksamentradisie nie tot sy reg kan kom nie, het die feit dat ons middelbare skool nog nie van die universitêre oorheersing bevry is nie³, die volgende nadelige gevolge vir die leerplan gehad:

(i) Een van die grootste leemtes in ons middelbare skoolleerplanne is die feit dat die aantal vakke te beperk is, wat 'n te vroeë spesialisasie in die hand werk op 'n tydstip in die kind se lewe wanneer hy nog nie behoorlik ryp is daarvoor nie, en nog 'n breë algemene opvoeding moes ontvang het soos die geval in die oorsese stelsels is. Selfs vir dié leerlinge wat

1. Sien Hoofstuk 1.9.

2. Sien Hoofstuk 11.5 (c).

3. Sien Hoofstuk 11.5 (e).

na die universiteit wil gaan, word die skoollewe verarm deur die enge 'sesvak-basis van die matrikulasie-vereistes wat met ons kort middelbare kursus in Suid-Afrika ook reeds min of meer die grondslag vir die werk in die Junior-klasse is, en baie ongunstig met die wyere grondslag van die oorsese middelbare skoolkursusse vergelyk. 'n Bekende onderwysman in Kaapland wat onlangs van 'n studiereis in Europa teruggekeer het, het gevind dat die Europese kind minder boekkennis maar groter selfstandigheid en wyer belangstellings as die Suid-Afrikaanse kind besit¹. Met 'n veel wyer vakbasis in die middelbare skool word die leerling ruimskoots in die geleentheid gestel om baie wyer belangstellings te ontwikkel, sy aanleg en vermoëns te ontdek, asook om die ruimere lewenskontakte te soek wat 'n groot lewenskwalifikasie is in hierdie gekompliseerde wêreld waarin ons leef². In hierdie verband blyk die plig van die middelbare skool om in hierdie behoeftes te voorsien, baie duidelik. In Suid-Afrika is daar wel gepoog om groter differensiasie in die hand te werk deur die geleidelike uitbreiding van die lang lys vakke waaruit die leerlinge kan kies, maar na die mate waarin hierdie tradisionele sesvak-grondslag van die matrikulasie-vereistes onaan-tasbaar gebly het, was daar ook nog geen sprake van wye lewens-kontakte in 'n bevredigende stelsel van middelbare onderwys wat met die vereistes van 'n ruime opvoedingsideaal³ rekening moes hou nie.

(ii) Aangesien die meeste van hierdie vakke ook vir sowel die matrikulasie- as die skoolleindvereistes aangebied kan word waarby dan een en dieselfde eksamen vir albei doeleindes vereis word, het die universiteit nog altyd sy seggenskap behou deur middel van sy Matrikulasieraad, waardeur hierdie vakke vir die Skoolleindsertifikaat ook nog steeds deur hul tradisionele akademiese kleur gekenmerk word. Selfs in sommige van die meer

1. Sien "Die Volksblad", van 8 Julie 1949.

2. Sien ook: "Verslag van Kommissie in sake Tegnieke en Beroeps-onderwys" (De Villiers-verslag), par. 225.

3. Sien Hoofstuk IV.2.

praktiese vakke soos huishoudkunde en landbou wat deur die universiteit vir vrystellingsdoeleindes erken word¹, het die teoretiese grondslag die praktiese oorheers, terwyl die enkele tegniese en vaardigheidsvakke soos snelskrif, tikskrif, houtwerk en naaldwerk, wat geen erkenning vir hierdie doeleindes geniet nie², die belangrikste uitsonderings vorm.

(iii) Weens die beperking van die leerplan tot die vereiste ses eksamenvakke word ons stelsel nog gekenmerk deur 'n algemene traagheid om van die tradisionele vakke af te wyk, en minstens 'n paar ander vakke in te sluit wat die kind in 'n beter begrip van die wêreld waarin hy vandag leef, sou plaas. Waar daar wel van die akademiese vakke afgewyk word soos vir die Nasionale Seniorsertifikaat van die Unie-Onderwysdepartement waarvoor daar byvoorbeeld vier kommersiële vakke naas die twee tale aangebied kan word³, word daar weer in die teenoorgestelde eng-eensydige rigting van spesialisasie op 'n te vroeë leeftyd sonder die nodige agtergrond van 'n breë algemene opvoeding gesondig⁴. Gevolglik word die leerlinge vandag te vroeg in of 'n akademiese of 'n beroepsrigting gedwing, waarby die breë grondslag vir die opvoeding in albei gevalle verlore is. Waar dit met 'n veel wyer kursus ook moontlik sou gewees het om hul met sekere vakke vertrouwd te stel wat die teenswoordige wêreld met al sy tegniese wonders en maatskaplike probleme vir hul sou help verklaar, kan ons ons leerlinge vandag in dié verband geen verdere lewenstoerusting gee as of 'n matrikulasie- of Skooleindsertifikaat⁵ waarvoor daar 'n klomp feite geleer moet word wat geen of weinig verband hou met die lewe van sowel die kind as die vol-

-
1. Gemeenskaplike Matrikulasieraad: "Handboek vir die Matrikulasie-Eksamen, 1949" (bl. 17).
 2. Ibid.
 3. "Handbook of National Courses of Study, Syllabuses and Examinations", 1948 (bl. 36).
 4. Sien "Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys" (De Villiers-verslag), par. 534.
 5. (a) Verslag van Transvaalse Onderwyskommissie, 1939, par. 268.
(b) Le Clus: "'n Histories-Kritiese Studie van die Administratiewe Organisasie van Middelbare Onderwys aan Blankes in Kaapland gedurende die Twintigste Eeu", 567.

wassene nie, of 'n ontydige fundering in 'n paar beroepsvakke waardeur ons hul van jongs af die materialistiese tydgees ten prooi gee om die lewe in terme van 'n sekere salaris per maand te leer waardeer.

(d) Teen die eng-teoretiese, akademiese grondslag van die middelbare onderwys het daar al veel verset gekom, ook uit die hoogste gesaghebbende kringe. In Hoofstuk 1.8 (b) is die eerste georganiseerde verset reeds teruggevoer tot die Bloemfonteinse konferensie van die koloniale onderwyshoofde in 1903, waarop daar vir 'n aparte kursus vir die Skooleinder wat geen toelating na die universiteit verlang nie, gepleit is. Dit word reeds vir 'n lang tyd besef dat die dubbele taak van die hoërskool om sowel vir die lewe as vir die universiteit voor te berei, die grootste probleem skep, omdat ons hier met twee onversoenbare ideale te doen het wat nie langs dieselfde weë (dieselfde leerplan en eksamenmetodes) bereik kan word nie, in welke verband die ideaal van die Skooleinder nog altyd moes swig voor die vereistes wat die universiteit vir sy aspirant-studente gestel het. In 1921 het die Kaapse Superintendent-Generaal van Onderwys reeds aanbeveel dat daar aparte skole vir die tien persent wat na die universiteit wil gaan, gestig moes word, sodat die belange van die Skooleinder ook tot hul reg kan kom¹. In 1923 wys die voormalige S.G.O. van Kaapland daarop dat die middelbare skool die jeug vir alle paaie van die lewe moet toerus, en nie slegs die kleiner akademiese groepie vir die geleerde professies moet voorberei nie². Die kwessie van die oorheersing van die akademiese is al herhaaldelik in die jaarverslae van die onderwyshoofde in die verskillende provinsies aangeraak, en het reeds die aandag van vele kommissies geniet wat van tyd tot tyd ondersoek ingestel het na die onderwysaangeleenthede wat onder die verskillende onderwysdepartemente ressorteer. Ek wil hier uit drie van die jongste kommissieverslae aanhaal om aan te

1. Jaarverslag van die Kaapse Onderwysdepartement, 1921 (bl. 19 - 21).

2. Malan, W. de V.: "Tendencies in Secondary Education", 49.

toon dat die algemene denkrigting vandag in verskillende oorde langs presies dieselfde weg gaan. In die 1939-verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie word die groot leemtes van die huidige stelsel baie uitdruklik as volg aangetoon¹:

"Die wortel van die kwaad is dat die Provinsie nog steeds poog om wyd uiteenlopende doelwitte deur een en dieselfde middel te bedien. Die verskillende doelwitte wat kandidate op die oog het wanneer hulle in die hoërskool kom, kan veronderstel word om die volgende te behels:

- (a) Om toelating tot 'n universiteit te verkry en uiteindelik tot een van die geleerde professies;
- (b) voorbereiding vir klerklike werk;
- (c) 'n algemene kulturele opvoeding

Tog veronderstel die kursus, soos dit op die oomblik gereël is, dat almal hulle voorberei vir toelating tot 'n universiteit, en om hierdie rede stel dit baie teleur. Die een-spoor-hoërskool het 'n groot gedeelte van sy studente in 'n toestand gelaat waarin hulle onvoorbereid is vir hul lewens-taak".

In die De Villiers-verslag insake Tegniese en Beroepsonderwys word daar gewaarsku teen die "... minder aanbevelenswaardige houding van intellektuele snobisme wat aangemoedig word deur die huidige middelbare onderwysstelsel, waarin die skynbaar onweerlegbare hou-die-deur-na-die-universiteit-oop-argument gebruik word om baie seuns en meisies te beweeg om skole te besoek en kursusse te volg, wat gladnie vir hul geskik is nie²; terwyl die 1946-verslag van die Natalse Onderwyskommissie die toestand as volg aandui³:

"The predominantly academic bias which has hitherto been given to secondary school courses has had the unfortunate result that several important basic elements of an integrated curriculum have been neglected This resulted in compelling a number of pupils to follow studies of an intellectual character which were quite outside their range of interests and could not, therefore, spur them to their best effort. The academic bias has been all the more cramping in its effect in that the content of the course has been largely dictated by the requirements of an examining body which has had the needs of university entrance as its major consideration. Even to those fitted for such academic study much of value has been lost by this direction from outside".

-
1. Verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie, 1939, par.269.
 2. Sien Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroeps-onderwys" (De Villiers-verslag), par. 303.
 3. Province of Natal: Report of the Provincial Education Committee 1946 (par. 156).

Ten spyte van al die aandag wat die saak reeds geniet het, het daar egter nog steeds 'n kalmte aan die opvoedkundige front gebly. Behalwe enkele pogings tot differensiasie en enkele toegewings hier en daar soos uit Hoofstuk 11.5 (d) geblyk het, is daar nog so weinig van die tradisionele paaie afgewyk, dat die kern van ons middelbare onderwysstelsel onveranderd gebly het en die grootste gedeelte van die leerstof nog net as eksamen-vulsel dien. Die Suid-Afrikaanse middelbare skoolstelsel is langeslaan deur sy eie tradisies; en omdat 'n tradisie geen ander as 'n langtermyn-dood sterf nie, het die reorganisasie van die middelbare onderwys vandag een van die dringendste opvoedkundige vraagstukke geword wat die onmiddellike aandag van ons onderwysowerhede verdien.

3. Die breë grondslae vir reorganisasie.

Uit voorgaande beskouings volg nou reeds wat die grondslae van enige doeltreffende reorganisasie-skema moet wees wat die middelbare onderwys van hierdie vasgewortelde tradisies sal bevry.

(i) 'n Begin op enige ander plek as die verwydering van die euwels van die huidige eksamenstelsel, sou die verkeerde end van die wig en tot mislukking gedoem wees. Die stelsel moet van die knellende bande van 'n verouderde eksamenstelsel bevry word, sodat die opvoeding weer teruggebring kan word na die stroom van die lewe waarby die droë boek- en feitekennis van vandag deur gesonde opvoedkundige praktyke vervang moet word.

(ii) Daar moet rekening gehou word met die feit dat die huidige standaard VI 'n onvoldoende toerusting vir die veel hoër lewenspeil en ryker en veelsydiger lewe van vandag is, en dat 'n periode van meer uitgebreide laer onderwys as voorspel tot of 'n beroepsopleiding of 'n akademiese opleiding, verpligtend moet wees vir alle leerlinge soos in die oorsese lande. In Suid-Afrika is laasgenoemde veral 'n baie belangrike oorweging, omdat 'n aansienlike persentasie van ons leerlinge nog geen middelbare onderwys ontvang nie, en die uitsaksyfer in die laagste

middelbare klasse baie hoog is¹.

(iii) Die kind moet alle moontlike geleenthede ondervind om homself en sy belangstellings in 'n baie wye leerplan te ontdek voordat die periode van spesialisasie moet intree. Vir hierdie doel is daar 'n soort "klaringshuis" nodig waaruit die leerlinge vir verdere verskillende studiekursusse verdeel sal word² na die proefondervindelike bepaling van hul aanleg en vermoëns.

(iv) Afgesien van die belangrike faktor van die ontdekking van sy aanleg en belangstellings, moet die leerling ook ten volle in die geleentheid gestel word om 'n wye ervaringslewe en lewenskontakte in die middelbare skool op te doen voordat hy deur die stroom van die ingewikkelde maatskaplike en gespesialiseerde beroepslewe meegesleur word, want aldus word hy in staat gestel om daardie gesonde en veelsydige belangstellings te ontwikkel waardeur hy eendag ook bo die enger kringetjie van sy besondere beroepslewe sal kan uitstyg. Die kind moet eers ten volle leer drink uit die stroom van die rykdom wat die lewe bied. Ek wil hier die feit beklemtoon dat ons met ons eksamen-besetene sesvak-stelsel nie vir daardie breëre onderlaag van kulturele belangstellings en basiese kennis en vaardighede kan sorg nie. Om hierdie doel met ons leerlinge te bereik, sal ons die voorbeeld van die buiteland moet volg deur ons primêre kursus vroër af te sluit en die middelbare kursus te verleng, sodat elkeen van die volgende stadia in die skoolstelsel behoorlik tot sy reg kan kom:

Primêre of aanvangsonderwys in die voor-adolessensieperiode;

Juniorhoërskool: na-primêre voor-spesialisasieperiode in die vroeë adolessensie;

Seniorhoërskole en Vakskole met groter spesialisasie;

1. Sien Hoofstuk 1.9 (a).

2. Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys (De Villiers-verslag), par. 331.

Hoër Opleidingsinrigtings op die na-middelbare trap:
akademies, tegnies, professioneel en kommersieel.

4. Praktiese oorwegings in verband met 'n voorgestelde reorganisasie-skema vir ons Suid-Afrikaanse omstandighede.

(a) Die kwessie van reorganisasie van die middelbare onderwys het in die afgelope aantal jare reeds so veel aandag in Suid-Afrika geniet, dat dit as 'n bewys van 'n algemeen-gevoelde behoefte kan dien. Ek noem hier slegs enkele voorbeelde. In 1939 beveel die Transvaalse Onderwyskommissie aan ".....dat dit die vasgestelde beleid van die Provinsie moet wees om alternatiewe middelbare kursusse in te stel: 'n korter en meer praktiese kursus van drie jaar, en 'n langer en meer akademiese kursus van vyf jaar"¹.

Die Kommissie het egter ook aandag geskenk aan die moontlikheid van 'n 7-3-2-basis waarby alle leerlinge die eerste kursus van sewe jaar en die tweede van drie jaar sou moes deurmaak, terwyl daar dan slegs 'n beperkte aantal na die kort tweejarige kursus sou aangaan om hul vir universiteitstoelating voor te berei². Twee jaar vroeër het die Natalse Onderwyskommissie die 2-4-basis vir die middelbare kursus vanaf ouderdom 12 aanbeveel, dit is: 'n tweejarige kursus van algemene opvoeding gevolg deur of 'n vierjarige akademiese kursus vir gewone matrikulasie, of ander groepe kursusse wat na beroepsonderwys lei³. In verskeie proefskrifte is daar na lig gesoek⁴, en daarby is dit ook opvallend dat die vraagstuk van reorganisasie oor die afgelope vier jaar breedvoerige aandag geniet het in twee van die voorsitterredes op die jaarkongresse van die Suid-Afrikaanse Onderwysers-

1. Verslag van Transvaalse Onderwyskommissie, 1939, par. 272.

2. Ibid. par. 273.

3. Verslag van die Natalse Onderwyskommissie, 1937 bl. 18 - 19.

4. Sien veral:

(a) Le Clus: "'n Histories-Kritiese Studie van die Administratiewe Organisasie van Middelbare Onderwys aan Blankes in Kaapland", bl. 529 - 533.

(b) Smuts: "The Education of Adolescents in South Africa" 228.

Unie¹. . In die begin van 1949 is daar 'n tydperk van nuwe hoop ingelui met die verskyning van die omvattende De Villiers-verslag in sake Tegniese en Beroepsonderwys, wat terselfdertyd 'n deurtastende ondersoek na ons hele middelbare skoolaangeleentheid is, aangesien hierdie ondersoek op staatsgesag ingestel is en die verslag sulke ingrypende veranderings in ons middelbare onderwys beoog dat dit van verreikende betekenis kan wees. Die voorgestelde skema behels in breë trekke die volgende²:

- (i) Kleuterskool en Laerskool tot 12 plus;
- (ii) Juniorhoërskool, 12 plus tot 15 plus;
- (iii) Seniorhoërskool tot 17 (of 18) plus, of Beroepshoërskool (dit is Tegniese, Handels-, Landbou- en Huisvlyt-hoërskole) tot 17 plus, of Tegniese Kolleges wat ook Hoërskool-afdelings moet hê naas die meer gevorderde na-skoolse tegniese kursusse.
- (iv) Na-skoolse inrigtings:
Tegniese Kolleges of
Landboukolleges of
Universiteite en Onderwysers-opleidingskolleges.

Die aanbeveling geld hier, dat al die inrigtings wat onder (iii) en (iv) genoem is, ook voorsiening moet maak vir die nodige fasiliteite vir die onderwys van volwassenes, dit is: kort kursusse, buitemuurse klasse, deeltydse voortsettingsklasse, vakleerlingkursusse, en so meer. Voltydse onderwys sal egter verpligtend wees tot 16 jaar, sodat alle leerlinge minstens een jaar middelbare onderwys sal geniet³.

Hoewel hierdie verslag eintlik net 'n verseëling van 'n baie algemene denkrigting in Suid-Afrika is, is sommige van die aanbevelings wat daarin vervat is, van so 'n radikale aard dat 'n mens jou nouliks kan voorstel hoedat dit op 'n natuurlike wyse by ons bestaande stelsel en landsomstandighede aangepas sal kan word sonder 'n element van skok, veral vir ons plattelandse gemeenskappe. Daarom moet ons heel kortliks op 'n paar aanbevelings van die verslag ingaan.

(b) Die idee van die Juniorhoërskool wat breedvoerig in die De Villiers-verslag behandel word⁴, is geen nuwe idee in

1. Sien: (a) "Die Unie", Augustus 1946, bl. 33 - 42.
(b) "Die Unie", Mei 1949, bl. 236 - 249.

2. Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys (De Villiers-verslag) par. 228.

3. Ibid. par. 229.

4. Sien veral Hoofstuk VI van Verslag (par. 323 - 485).

die onderwys nie, en voer ons reeds terug na die begin van die huidige eeu¹. Belangrike kenmerke van hierdie voorgestelde skool is die volgende:

(i) Dis 'n gedesentraliseerde skool.

(ii) Dis die verpligte na-primêre skool vir alle leerlinge ter vervanging van die huidige standerds VI, VII, en VIII en "die baie beroeps- of beroeps-georiënteerde opleidingskursusse waarheen die leerlinge uit die huidige standerd V en standerd VI gaan². In dié sin verskil dit dus fundamenteel van die huidige Transvaalse Juniorhoërskool wat slegs deur sommige na-primêre leerlinge besoek word³.

(iii) Daar is geen toelatingskwalifikasie vir hierdie skool nie: leerlinge word na die Juniorhoërskool oorgeplaas op 'n bepaalde ouderdom (12 plus), afgesien van wat hul prestasievermoë op daardie ontwikkelingstrap ook al mag wees⁴.

(iv) 'n Wye algemene kursus is verpligtend vir alle leerlinge⁵. Daar is egter geen leerplanbeperkings nie, en die heterogene groep leerlinge word vir elke bepaalde studiegebied in bekwaamheidsgroepe ingedeel wat die tradisionele klasse sal vervang⁶. Vir die vertraagde leerlinge word daar 'n spesiale klas voorgestel⁷.

(v) Die vrye ontwikkeling van die kind word deur geen eksamens gestrem nie⁸. Aan die einde van die driejarige kursus word daar aan alle leerlinge - afgesien van hul prestasie-standaard - 'n "Juniorskool-Eindsertifikaat" uitgereik wat ek egter graag

1. Sien Hoofstuk VIII. 3 (e).

2. De Villiers-verslag, par. 237.

3. Sien Hoofstuk 1.7 (c).

4. De Villiers-verslag, par. 276.

5. Ibid. par. 352.

6. Ibid. par. 416; 417.

7. Ibid. par. 422.

8. Ibid. par. 1719.

as die "Juniorhoërskool-sertifikaat" sou bestempel, welke sertifikaat eintlik meer 'n breedvoerige verslag is van die werk wat die leerling in die skool gedoen het en wat sy prestasievermoë in die drie "eksamenvakke" (dit is die eerste en tweede taal en elementêre Wiskunde-Rekenkunde) aandui¹.

(vi) Daar word veelvuldige gebruik van beroepstoetse, intelligensietoetse en gestandaardiseerde prestasietoetse gemaak om die aanleg en vermoëns van die leerlinge te ontdek².

Met die breë beginsels wat ten grondslag lê aan die idee van die Juniorhoërskool is vrywel alle opvoedkundiges dit vandag eens, hoewel daar verskil van mening in sake die metodes van toepassing van hierdie beginsels mag bestaan. Tog het die De Villiers-verslag vir ons hier die breë grondslag **aangewys** waarop daar met die nodige wysigings en aanpassing aan lokale omstandighede onmiddellik voortgebou moet word vanweë die dringende aard van hierdie lang-gevoelde behoeftes.

(c) Wat betref die aanbevelings van die Verslag ten opsigte van die voorgestelde gesentraliseerde Seniorhoërskole en Beroepshoërskole, moet ek my skaar aan die kant van diegene wat fundamenteel van die De Villiers-Kommissie sal verskil. Daar moet in dié verband op die volgende gesigspunte gelet word wat die skema enersyds onprakties maak vir ons landsomstandighede, en andersyds minder doeltreffend as 'n oplossing vir sommige van ons onderwysvraagstukke:

(i) Hoe groot die voordele van sentralisasie ook al mag wees, kan dit nooit opweeg teen die nadele daarvan waaronder veral die volgende ons noukeurigste/aandag verdien nie: 'n verdere versëling van die lot van die ontvolkende platteland wat reeds 'n nasionale probleem in ons dunbevolkte land geword het; die verwydering van die hoërskool as die ligbaken en kultuurkrag van die kleiner plattelandse gemeenskappe; die verbreking van

1. De Villiers-verslag, par. 1730.

2. Ibid. par. 447.

die opvoedende krag van die huisgesin op 'n vroeër stadium van die kind se lewe (15 in plek van 17 jaar). Al sou so 'n sentralisasieskema ook moontlik wees vir die meer stedelike gebiede - welke invloede skynbaar ook oorheersend is by die algemene denkrigting van gedifferensieerde skole waarvan 'n mens vandag so dikwels hoor - dan hou dit nog geen rekening met die plattelandse karakter van ons volk waarby ons die feit onder die oë moet sien dat 'n heel geringe aantal van die gewone dorpe in ons land sowel 'n akademiese as 'n beroepshoërskool sal hê, en dat die onderwys noodwendig daaronder sal ly omdat baie ouers nie hul kinders op ouderdom 15 plus jaar reeds in die vreemde sal stuur nie. Ons landsomstandighede verskil hier hemelsbreed van dié van die digter-bevolkte oorsese lande, en daarom moet daar noukeurig sorg gedra word dat ons nie vir die voordele van sentralisasie die dure prys sal betaal waardeur ons vir onself groter landsprobleme gaan skep nie, en moet daar 'n oplossing gesoek word in 'n minder reaksionêre reorganisasie-skema wat nie hierdie lewensbelangrike beginsels sal verontagsaam nie. Daarby behels hierdie skema ook die verreikende implikasies van groot verskuiwings van leerling- en leerkraggroepe, wat 'n mens op hierdie stadium heel onprakties voorkom.

(11) Hoewel die periode van spesialisasie volgens sielkundige oorwegings op ouderdom 15 tot 16 jaar kan intree, kom die beperking van die leerplan tot 6 of 7 vakke ná die oorpasing van die Juniorhoërskool af na die Seniorhoërskool¹ vir my as 'n te skielike verenging van die kursus voor. In die plek daarvan sien ons liefs 'n hoërskool wat 'n skakel of geleidelike oorgang tussen die wye algemene kursus van die Juniorhoërskool en die gespesialiseerde universiteitskursus moet wees deur sowel vir 'n meer gespesialiseerde kursus in 'n paar rigtings, as 'n meer beperkte voortsetting van die algemene kursus te sorg, in welke verband die aksentverskuiwings-beginsel deur middel van hoof- en byvakke wat die kenmerk van sommige kontinentale stelsels

1. De Villiers-verslag, par. 286; 287.

is¹, veel groter moontlikhede bied as die uitskuiwingsbeginne wat die kursus tot 'n paar vakke beperk. Indien die hoërskool kursus slegs na die diepte afwerk in 'n baie beperkte aantal vakke, moet dit noodwendig ten koste van die breë algemene opvoeding geskied wat ook 'n belangrike kwalifikasie vir intellektuele leierskap is waarvoor die hoërskool moet sorg.

(iii) Die Kommissie het naastiglik na 'n oplossing vir die huidige oorvleueling van belange en ongesonde toestand van spanning tussen die provinsiale hoërskole en die beroepskole en Tegniese Kolleges van die Unie-onderwysdepartement probeer soek, maar het met sy aanbeveling van duidelik-afgebakende akademiese en beroepskole wat nie mekaar se gebied mag betree nie, die moontlikheid van die weerhouding van ons leerlinge van sekere kursusse nie na waarde voorsien of behandel nie. Dit sou naamlik 'n onhoudbare gebrek aan visie wees om dié groot persentasie leerlinge wat nóg 'n eng-eensydige, beroepskundige opleiding, nóg 'n voorbereiding vir universitêre studie verlang en 'n gemengde kursus vir 'n algemene opvoeding wil volg (dink byvoorbeeld aan die Duits-Boekhou- of Matesis-Boekhou-kombinasies), op hierdie stadium in 'n bepaalde rigting te dwing. Daarom wil ek ten sterkste pleit vir die behoud van die gemengde tipe hoërskool wat 'n groot volksbehoefte op die platteland geword het en nog sowel vir die akademiese as die meer beroepskundige vakke voorsiening moet maak, hoewel sodanige voorsiening op 'n meer doeltreffende wyse moet geskied as wat tans die geval is. Die meer eensydige tipe Beroepshoërskole soos die Hoër Handelskole en die gewone Tegniese of Vakskole kan dan nog soos vandag met hul werk voortgaan, maar mag geensins die gewone (gemengde) tipe hoërskool in sommige dorpe vervang nie, net so min as wat laasgenoemde skool deur die eng-eensydige akademiese tipe hoërskool vervang mag word. Hoewel die algemene inslag van die beroepshoërskole meer van 'n beroepskundige aard

1. Sien Hoofstuk VIII (5) vir Hollandse H.F.S.-kursus en Duitse en Skandinawiese stelsels.

as dié van die gewone hoërskole sal wees, sal hul ook aan sekere minimum verpligtings in sake voorsiening vir 'n algemene opvoeding moet voldoen. Wat die Tegniese Kolleges betref, sal sommige van dié inrigtings van die huidige status van sogenaamde "verheerlikte hoërskole" onthef en in die ware sin van die woord in kolleges omskep moet word deur die aanvaarding van die verhoogde status as suiwer na-skoolse opleidingsinrigtings.

(iv) Die De Villiers-verslag is reeds kort na sy verskynning aan die kritiek onderwerp dat dit tot 'n verlaging van ons akademiese standaarde sal lei deur die veralgemening en meer praktiese inslag van die kursus in die Juniorhoërskool en die baie kort kursus wat daarop volg as voorbereiding vir die matrikulasie-eksamen¹. Hoewel 'n mens hierby sou kon opmerk dat die kwesie van 'n gewaande akademiese standaard wat in ons huidige middelbare skoolstelsel in die reël nie veel meer as 'n siel-dodende feitekennis behels nie, soms ook oordryf kan word, en dat sommige van die kritiek op dergelike skemas nie heeltemal vry mag staan van beïnvloeding deur ons tradisionele stelsel nie, wil ek my tog vereenselwig met die standpunt dat die Senior-kursus verleng behoort te word. 'n Praktiese oplossing skyn my in twee rigtings te lê. In die eerste plek moet alle leerlinge wat 'n normale intelligensie het en toelating na die Seniorhoërskool verlang, ná 'n tweejarige kursus in die Juniorhoërskool na die Seniorhoërskool oorgeplaas word op ouderdom 14 plus jaar, om die Juniorsertifikaat op ouderdom 15 plus in laasgenoemde skool te verwerf in plek van die Juniorhoërskool-sertifikaat ná die meer praktiese, driejarige kursus in dié betrokke skool. Leerlinge wat op 15 plus jaar oorplasing na Tegniese of Vakskole verlang, volg dan die volle driejarige kursus in die Juniorhoërskool. In die tweede plek moet die sertifikaat wat op die gewone Seniorkursus (16 - 17 jaar) volg, onder geen omstandighede toelating na die universiteit verleen nie, maar moet alle leerlinge wat sodanige toelating verlang

1. Sien "The Star" van 27 Mei 1949 (Artikel van hoofonderwyser van 'n Engelse Kollegeschool).

nog 'n spesiale eenjarige kursus volg waarin daar, in teenstelling met die veel wyer kursus vir die gewone Senior- of Skool-eindsertifikaat, net in 'n paar vakke gespesialiseer word ter voorbereiding vir verdere universitêre studie. Op hierdie wyse word die Seniorhoërskool-kursus dan tot vier jaar verleng vir diegene wat na die universiteit wil gaan, en sal die huidige universitêre oorheersing by die werk van die hoërskool ook finaal beëindig word. Die woord "matriek" moet vir eltyd verban word sodat daar geen herinnering meer aan sy voormalige heerskappy kan oorbly nie, en vir die finale jaar wat vir die universiteit voorberei, moet die benaming "Gimnasium" in ere herstel word. Hoe dit alles in die praktyk sal werk, word hieronder verder aangetoon.

5. Die reorganisasie-skema na ons behoeftes.

(a) Suid-Afrika het 'n groot agterstand om uit te wis teenoor die ander lande van die wêreld wat reeds hul middelbare skoolstelsels hervorm het. Ons kan daarvoor vergoed deur 'n praktiese skema in werking te stel wat ook vir ander lande 'n navolgenswaardige voorbeeld kan wees. Na aanleiding van voorgaande beskouings wil ek hier 'n tentatiewe skema toelig wat as 'n moontlike grondslag vir verdere uitbouing kan dien omdat dit rekening hou met al die gesonde beginsels vir 'n reorganisasie-program wat op bladsy 336 aangetoon is, en die middelbare onderwys geleidelik en sonder enige skokkende oorgangstadië van die suiwer algemene kursus na dié van algehele spesialisasie, en van die suiwer interne na die suiwer eksterne eksamen voer. Daarby sal dit ook ter geleëner tyd aangetoon word dat die skema nie so prakties-onuitvoerbaar is as wat dit vir die skeptiese leser mag voorkom nie¹, en dat die skynbaar-ingewikkelde stelsel hoogs-vereenvoudig is en homself tot baie moontlikhede leen, ook vir die kleiner klas hoërskool op die platteland.

Die skema behels in breë trekke die volgende:

1. Sien paragraaf 6.

(1) Op die laagste middelbare sport het ons 'n verpligte drie- (twee-)jarige Juniorhoërskool-kursus van 12 tot 15 jaar, of 12 tot 14 vir diegene wat na die Seniorhoërskool oorgeplaas word. Al die kerngesonde beginsels in verband met dié kursus wat reeds op bladsy 339 toegelig is, word hier sonder meer aanvaar. Die uitgebreide en meer praktiese studietema-programme vervang die tradisionele vakstelsel, en op ouderdom 15 plus jaar word die Juniorhoërskool-sertifikaat uitgereik, wat eintlik meer 'n verslag van die gedane werk as die bewys van 'n geslaagde eksamen sal wees.

(11) Hierna word die leerlinge oorgeplaas na of

'n Seniorhoërskool (15, 16 en 17 jaar) wat ons in die meeste plattelandse dorpe sal vind; of

'n Spesiale Beroepshoërskool, dit is Hoër Landbou-, Hoër Huishoud- of Hoër Handelskole (16 en 17 jaar); of

'n Hoër Tegniëse of Vakskool (16, 17 en 18 jaar).

Diegene wat 'n toelating na die Seniorhoërskool verlang nie, bly 'n jaar langer in die Juniorhoërskool, waar hul aanleg en belangstellings op 'n meer doeltreffende wyse deur beroepstoetse en dies meer vasgestel sal word.

(111) In die eenjarige Gimnasiumkursus word die leerling wat die hoërskoolkursus met sukses deurloop het, vir universiteits-toelating voorberei.

(b) Die Seniorhoërskool bied twee opeenvolgende kursusse aan:

'n eenjarige algemene kursus vir die Juniorserifikaat (15 jaar); en

'n tweejarige kursus vir die Senior- of Skooleind-sertifikaat (16 en 17 jaar).

Vir die Juniorserifikaat sal die tradisionele vakstelsel weer die studietema-programme van die Juniorhoërskool vervang, hoewel die kursus nog van 'n algemene aard moet wees en 'n groot aantal verpligte vakke moet insluit waarvandaan daar dan geleidelik deurgewerk kan word na die semi-spesialisasie-pro-

gramme (by wyse van alternatiewe kursusse) vir die Seniorsertifikaat-kursus. 'n Moontlike program van 44 periodes per week kan hier die volgende behels:

- 1 en 2. Afrikaans en Engels (12 periodes).
3. Latyn of Tjekskrif of Volkekunde-Bantoelogie (Een of meer kursusse, 2 of 3 periodes).
4. 'n Moderne taal (2 of 3 periodes).
5. Algemene Wetenskap (4).
6. Roekhou en Handel (4).
7. Rekenkunde-Wiskunde (4).
8. Geskiedenis-Aardrykskunde en ander Sosiale Studies (4).
9. Spesiale Studies (Wye algemene program, 4 periodes).
10. Praktiese Kunste (eie program), 4 periodes.
11. Liggaamskultuur en Sang (2).
12. Bybelgeskiedenis (1).

Dit spreek vanself dat hierdie kursus so algemeen as moontlik moet wees en dat daar geen feitekennis as sodanig nagestreef sal word nie. In geskiedenis moet die studie van die vele oorloë van die verlede in die ban gedoen word, en moet daar voorkeur gegee word aan die breë trekke van die ontwikkelingsgeskiedenis van die mensdom waardeur die kind sal leer om sy plek in die wêreld te ken, die erfdeel wat ons van die beskawing ontvang het te waardeer, en die hedendaagse wêreldgebeure teen die agtergrond van die verlede te leer verstaan en verklaar. In 'n vak soos aardrykskunde het al die kaarttekeninge van die verlede en die lang lyste produkte en bevolkingsyfers van dorpe en stede waarby ons kinders weinig belang het, nog heel weinig daartoe bygedra om ons die wêreld waarin ons leef met die gewoontes en kultuurgoedere van die verskillende volke te leer ken en waardeer. By die "Sosiale Studies" moet ook 'n mate van elementêre Sielkunde ingesluit word wat die kind sal leer om die gedrag van mense en sy verhouding en omgang met ander mense te leer verstaan, en iets te wete te kom aangaande die hoë werkinge van die menslike gees. In die kursus vir Algemene Wetenskap moet die werk op sodanige wyse ingerig word dat die leerling 'n werklike belang sal stel in die wondere van die wetenskaplike ontdekkings en die mag wat die tegniese wonders van die tyd aan die mens verleen het, die geheime wat die natuur nog verborge hou vir diegene wat daarna wil soek, die heelal as 'n groot geestelike werking en 'n uitstraling van energie en onsigbare krag....die

skatte wat in die aarde weggebêre is, die geheimsinnige werking van die waterbewegings in die aarde, die winde en die strome, die wonderre in die lug bo en rondom ons, die wonderkrag van ons eie liggaam, voedsel en voedselbewaring, grondbewaring en bemesting, en so meer. Vir die "Spesiale Studies" stel die skole 'n wye program op om hul leerlinge vertrouwd en in 'n beter wonderende gesindheid teenoor die wêreld waarin hul leef te stel: musiek- en kunswaardering, hantering van die moderne beskawingsmiddels, drukpers, waterskemas, industrieel, maatskaplike probleme, en so meer. By die "Praktiese Studies" (landbou, huishoudkunde, houtwerk, naaldwerk, kookkuns, moederkunde, tuisverpleging, eerstehulp, werktuigkunde, en ander praktiese studiegebiede) kan Kerschensteiner se werkskool-idee 'n gewysigde toepassing vind, en geniet die skole volkome vryheid om hul eie programme uit te werk soos dit hul plaaslike omstandighede pas.

Daar sal geen eindexamen vereis word vir die Juniorsertifikaat nie, en die sertifikaat sal hoofsaaklik op die aanbeveling van die skoolhoof en sy personeel uitgereik word, wat egter hul eie eksamens vir hierdie doel mag stel. Aan diegene wat nie daarin slaag om dié sertifikaat te verwerf nie, sal die Juniorhoërskool-sertifikaat dan sonder meer uitgereik word vir oorplasingsoepleindes na 'n beroepskool. Aangesien skoolhoofde gedagtig moet wees aan die feit dat die leerlinge vir die Seniorserertifikaat-kursus in sekere rigtings sal kan spesialiseer, moet die beoordeling nie te streng wees in dié verpligte vakke vir die Juniorskursus waarvoor die leerling miskien geen aanleg mag hê nie, sodat dit in die praktyk alleen die hoër uitsondering moet wees dat leerlinge wat op 14 plus oorplasing na die Seniorhoërskool verkry het, nie in staat sal wees om die Juniorsertifikaat te verwerf nie.

Vir die tweejarige Senior- of Skooleindsertifikaat-kursus — die kursus van voortgesette algemene opvoeding wat deur 'n gedeeltelike spesialisasie aangevul word, en hier of as die skakel met die meer gespesialiseerde hoër onderwys, of as die gewone

Skoolleind-ideaal as algemene lewenskwalifikasie gesien moet word — moet daar 'n minimum aantal periodes in elk van 'n aansienlike aantal byvakke verpligtend wees om die noodsaaklike breedte algemene opvoeding in velerlei rigtings te verseker, terwyl daar ook in sommige van hierdie of in ander vakke gespesialiseer kan word op die hoof- of byvakbasis soos aangetoon in Tabel XIII. Die spesialisasie kan in een van drie moontlike rigtings deurgevoer word, naamlik:

- A.....Tale;
- B.....Wetenskappe;
- C.....Handel;

terwyl die skema homself ook tot die moontlikheid van verskillende gemengde kursusse leen soos die Duits-Boekhou-Matesis en ander kombinasies. In die Hoër Landbou-, Hoër Huishoud-, en Hoër Handelskole kan die spesialisasie verder deurgevoer word deur 'n verdere inkorting van die programme vir die Praktiese Kunste en Spesiale Studies (in eersgenoemde twee skole word die twee suiwer wetenskappe en addisionele matesis deur landboukundige of huishoudkundige vakke vervang); maar in ons tweetalige land mag daar onder geen omstandighede enige verdere inbreuk op die regte van die twee landstale in die leerplan gemaak word nie.

Die volgende sertifikate sal op hierdie stadium (17 plus jaar) uitgereik word:

- Seniorhoërskool Seniorsertifikaat;
- Hoër Handelskool Senior-Handelsertifikaat;
- Hoër Landboukool Senior-Landbousertifikaat;
- Hoër Huishoudskool ... Senior-Huishoudkunde-sertifikaat;

terwyl die Hoër Tegniiese skole die Hoër Tegniiese Sertifikaat op ouderdom 18 plus jaar sal uitreik.

Vir die Seniorsertifikaat word daar vir die eerste keer 'n eindeksamen vereis, hoewel dit nog geen eksterne eksamen sal wees soos vir die Gimnasium-sertifikaat nie, en die betrokke onderwysers self as eksaminatore sal optree onder toesig van

TABEL XIII.

VOORGESTELDE KURSUSSE, VAKKE EN AANTAL PERIODES PER VAK

PER WEEK VIR DIE SENIORSERTIFIKAAT (16-17 jaar).

(Hoofvakke word met 'n x aangedui).

Algemene kursus van verpligte vakke.				Periode-verdeling vir verdere keuses.			
V a k k e	Periodes per kursus			V a k k e	Periodes per kursus.		
	A	B	C		A	B	C
x Afrikaans	6	6	6				
x Engels	6	6	6				
Praktiese kunste	4	4	4				
Liggaamsoefening en Sang	2	2	2				
Bybelgeskiedenis .	1	1	1				
Algemene Wetenskap	x4	x4	2	(A) x Latyn of 3de moderne taal	3		
Latyn of 3de moderne taal en/of				(B) Eerste suiwer wetenskap		3	
Volksekunde- Bantoeloeie (C-groep)				(C) x Tikskrif			5
of die Lees en Begrip van 'n 3de en 4de moderne taal.	2	2	2				
(Sien opmerking a)		(1)	(1)				
				(A) 'n 4de taal of Letterkunde	3		
				(B) 2de suiwer Wetenskap of Landbou, of Huishoudkunde		3	
Boekhou en Handel	2	2	2	(C) x Boekhou en Handel			3
Sosiale en Sielkundige Studies	2	2	2	(A) x Sosiale en Sielkundige Studies (Hoofvak) of 'n Bantoetaal (Byvak)	3		
Rekenkunde-Wiskunde	2	2	2	(B) x Rekenkunde-Wiskunde		3	
Spesiale Studies	4	4	2	(C) x Snelskrif ..			5

Opmerkings:

- (a) Sien Hoofstuk XI 2(c) vir verskeidenheid van maandelike werkprogramme en keuses in verband met die minimum-verpligting by die vreemde-taalgroep.
- (b) Landbou en Huishoudkunde kan ook as hoofvakke aangebied word indien daar in dié vakke vir twee periodes per week voorsiening gemaak word by die "Praktiese Kunste".
- (c) Leerlinge is by die keusevakke nie net tot 'n bepaalde groep beperk nie, en kan hier 'n gemengde kursus aanbied.

die omgangsinspekteur en 'n "deskundige"¹. Laasgenoemde word van owerheidsweë as moderator in 'n bepaalde vak vir 'n groep skole benoem om toe te sien dat 'n eenvormige standaard gehandhaef word. Die onderwyser sal egter baie groot verantwoordelikheid in verband met die afneem van die eksamen besit soos in die Duitse stelsel wat vir ons hier min of meer as model kan dien², en moet sy eie vrae vir die skriftelike eksamen opstel onder toesig van die deskundige wat meer in 'n raadgewende hoedanigheid moet optree. Soos in Duitsland word daar in die vier of vyf hoofvakke 'n skriftelike eksamen vereis, en 'n mondelinge eksamen in 'n paar hoof- en byvakke wat na ontvangs van die jaarsyfers deur die betrokke inspekteur vir elke individuele leerling aangekondig sal word. Alle vierperiode-vakke word vir hierdie doel as hoofvakke beskou; en in die mondelinge eksamen sal daar verskillende standaarde vir die eenperiode-, twee- en drieperiode-byvakke vereis word. Om die neiging om in punte te spesialiseer teen te gaan, word die veel vryer stelsel van syfer- of predikaat-toekennings gevolg wat algemeen in gebruik is in die Sentraal-Europese en Skandinawiese stelsels³, terwyl daar ook pogings aangewend sal word om die lesse wat daar uit die Amerikaanse stelsel te leer is in verband met die uitskakeling van blote geheuewerk, in 'n gewysigde vorm op ons stelsel van toepassing te maak. In 'n veel vryer stelsel waarin daar die grootste waarde aan die skoolrekord van die leerling geheg word en die onderwys in geen eksamendril kan ontaard nie, sal die onderwyser ook 'n nuwe en hoër roeping en verantwoordelikheid in sy werk vind; en dis in dié verband van belang om daarop te let dat die algemene gees van die antwoorde uit dié lande waar hierdie vryer stelsel van interne eksamens reeds in swang is, duidelik daarop dui dat die groter verantwoordelikheid 'n kwessie van professionele eer geword het⁴, wat 'n baie goeie waarborg teen

1. Sien Hoofstuk Vlll.5 (c) vir Hollandse stelsel.

2. Sien Hoofstuk Vlll.5 (c) vir Duitse stelsel.

3. Sien Hoofstuk Vlll.5 (c) (ii).

4. Sien Rylae C.

die verdenking van 'n moontlike misbruik van die mag van die onderwyser teenoor sekere leerlinge by so 'n interne eksamen is. Met 'n onlangse aanbeveling dat die "matrieksertifikaat" aan alle leerlinge uitgereik sal word na voltooiing van die hoërskoolkursus (dit is, sonder die vereiste van 'n eindeksamen)¹, kan ek my egter nie vereenselwig nie, omdat die hoërskool altyd 'n mate van seleksie moet bewaar, en die bereiking van die Seniorsertifikaat as geen goedkoop prestasie beskou moet word nie. Daarom word laasgenoemde metode van sertifisering slegs tot die Juniorhoërskool beperk waar die omstandighede heeltemal verskillend is. Die belangrike hervormings van die eksamenmetodes na die gees van sommige oorsese stelsels en die feit dat die lot van die leerling nie deur 'n eksterne eksaminator beslis word nie, asook die ingrypende leerplanhervormings, sal egter reeds so 'n groot verligting bring dat daar geen verdere rede sal bestaan om na enige reaksionêre standpunt oor te gaan nie.

(c) 'n Kleiner aantal van die grootste Seniorhoërskole sal ook die eenjarige Gimnasiumkursus (17 - 18 jaar) insluit en word Gimnasia genoem. In die Gimnasium word die beginsels van sentralisasie en spesialisasie wat die De Villiers-kommissie reeds op die Seniorhoërskool van toepassing wil maak, ten volle deurgevoer. Op ouderdom 17 - 18 jaar moet die leerlinge in elk geval bereid wees om die vreemde in te gaan, sodat daar op hierdie stadium geen beginselbeswaar teen die sentralisasiebeleid kan wees nie; en wat die beginsels van spesialisasie betref, het die Seniorhoërskool reeds as 'n geleidelike oorgang van die algemene kursus in die Juniorhoërskool na die suiwer gespesialiseerde kursus in die Gimnasium gedien.

Vir die bereiking van die Gimnasium-sertifikaat moet daar 'n intensiewe kursus in enige vier vakke vereis word, waarvan twee

1. Le Clus: (a) "Laat Ons So Skoolgaan!" ("Die Huisgenoot" 7 Januarie 1949, bl. 53).
(b) Sien ook dieselfde skrywer se dissertasie: "'n Histories-Kritiese Studie van die Administratiewe Organisasie van Middelbare Onderwys vir Blankes in Kaapland", 570.

op die hoof- en twee op die byvak-standaard, en die moontlikhede moet hier feitlik onbeperk wees soos vir die huidige "Hoogste Skoolsertifikaat-eksamen" in Engeland. Aangesien daar in die Seniorsertifikaat-kursus ook vir die nodige breë opvoeding gesorg is, moet alle leerlinge wat hierdie sertifikaat besit, toelating tot die Gimnasium en die universiteit kan verkry - ook diegene wat in die handelsvakke gespesialiseer het. In teenstelling met die intern-beheerde eindeksamen vir die Seniorsertifikaat, kan die Gimnasium 'n suiwer eksterne eksamen vereis wat onder beheer van die universiteite staan, omdat die universiteit die verantwoordelikheid behoort te behou ten opsigte van die keuring van sy toekomstige studente, hoewel dit ook in die belang van die universiteit sal wees om die eksterne eksamen nie as die enigste maatstaf te gebruik nie, maar om hom in 'n groot mate ook deur die kumulatiewe verslagkaarte van die leerlinge, intelligensietoetse, en die aanbevelings van die skoolhoofde te laat lei, welke keuringsmetodes vandag reeds met groot sukses in die Amerikaanse stelsel beproef is¹. Vir alle keurings- en eksaminerings-doeleindes kan daar 'n spesiale raad, die Gimnasiumraad van die Suid-Afrikaanse universiteite, in die lewe geroep word, wat min of meer op die grondslag van die huidige Matrikulasierraad saamgestel kan word.

Op die vraag of so 'n voorbereidingskursus nie aan die universiteit self oorgelaat moet word nie, het Professor Burger onlangs reeds 'n afdoende antwoord verstrek in 'n tydskrifartikel waarin hy die bevoegdheid van vakkundige universiteitsdosente om die werk van professioneel-opgeleide (en ewe-eens vakkundige) opvoedkundiges te behartig, in twyfel getrek het², welke standpunt elke regdenkende opvoedkundige ten sterkste sal onderskryf.

(d) Waar die De Villiers-kommissie die Juniorhoërskool as 'n geheel afsonderlike skool sien omdat dit 'n soort onderwys

1. Sien Hoofstuk VIII.4.

2. Sien "Die Huisgenoot", 19 November 1948, bl. 65.

vereis wat hul voorgestelde akademies- en beroeps-georiënteerde hoërskoolleerplanne nie kan verskaf nie¹, bestaan daar egter geen rede waarom die Juniorhoërskool-kursus nie by dié tipe kursus wat hier vir die Seniorhoërskool bepleit is, kan aansluit in een en dieselfde skool nie. So 'n aansluiting sal vir die kleiner klas hoërskool selfs 'n groot oplossing vir baie probleme in verband met die praktiese uitvoerbaarheid van die voorgestelde werkprogramme bring, soos vollediger hieronder sal blyk. In die geval van die baie groot hoërskole soos die Gimnasia sal dit egter die skool-administrasie verlig en meer doeltreffend maak, indien die voorgestelde Juniorhoërskool 'n geheel afsonderlike skool sal wees.

6. Algemene opmerkings in verband met die praktiese uitvoerbaarheid van die voorgestelde skema.

Met die kenmerkende traagheid in ons onderwysgeledere om van die tradisionele paaie af te wyk, sal die eerste kritiek op hierdie voorgestelde skemas wel wees, dat hul prakties onuitvoerbaar is weens onvoldoende personeelvoorsiening. Daarom sal 'n paar verduidelikings hier verdere lig kan werp.

(a) Dit moet onthou word dat die Gimnasiumklas wat 'n moontlike spesialisasie in velerlei rigtings bied, slegs in die grootste skole aangetref word, waar die probleme van vakkeuse meesal die hoof gebied kan word. Gevolglik moet ons hier eintlik net die moontlike uitvoerbaarheid van die skema in die kleiner klas Seniorhoërskool wat terselfdertyd die Juniorhoërskool-klasse sal huisves, in oënskou neem.

(b) Oppervlakkig beskou, mag dit voorkom of die groot aantal vakke die nodige personeelvoorsiening onmoontlik sal maak. Tog sal dit blyk dat al hierdie vakke by een van die volgende studiegroepe tuisgebring kan word, waarvoor daar vandag selfs in die kleinste hoërskooltjies die onderlegde leerkragte gevind word: landstale, klassieke en/of moderne tale, sosiale studies, wetenskappe, wiskunde.

1. De Villiers-verslag, par. 337.

kunde-rekenkunde, en handelsvakke. Vir die eie-program-vakke word daar so veel vryhede tot aanpassing aan plaaslike omstandighede gelaat, dat ons dié vakke vir alle verdere praktiese oorwegings in sake die uitvoerbaarheid van die skema buite rekening kan laat.

(c) Die kwessie van die vierde taal sal aanvanklik, egter, heelwat praktiese moeilikhede oplewer, omdat baie min van die huidige geslag onderwysers, wie se skool- en universiteits-opleiding nog by die huidige stelsel aangepas is, tot die onderwys van 'n vierde taal in staat sal wees. Die uiteindelijke ideaal sal wees om in elke skool minstens een onderwyser te hê, wat spesiaal onderlegd is vir die onderwys van verskillende vreemde tale. Aangesien die voorgestelde kursusse egter geleidelik van die laagste middelbare klasse af ingevoer sal word, behoort daar wel in die

meeste skole 'n ondernemende onderwyser gevind te word wat gewillig sal wees om die studie van 'n vierde taal saam met die leerlinge te begin, temeer daar dié taal as eenperiode-byvak begin kan word (dit is, een periode per week) en die onderwyser vandag alle hulpmiddele in die vorm van uitspraakwoordeboeke en dies meer tot sy beskikking het. Op hierdie wyse kan die saak aangevoer word totdat 'n jonger geslag onderwysers met spesiale opleiding in dié tale daarmee kan voortgaan.

(d) Vir die tweejarige Seniorsertifikaat-kursus wat vir heelwat gedifferensieerde onderwys voorsiening maak, bestaan daar met hierdie skema baie meer moontlikhede vir die nodige leerkragvoorsiening as in ons huidige stelsel:

(i) In ons huidige stelsel word daar in al die middelbare klasse min of meer ewe veel keusevakke aangebied, wat meesal gepaard gaan met die gebruikelike oorlaëing van leerkragte en die byna onoorkoomlike probleme in verband met die roostersamestelling, aangesien die meeste skole - ook die kleiner klas hoërskool wat nie oor die nodige fasiliteite beskik nie - daarna streef om so veel keusevakke as moontlik aan te bied. Tans is daar in geen

klas enige leerkragsparing wat keusevakke betref nie. Met die voorgestelde skema is die posisie egter heeltemal anders: in die eerste drie van die vyf hoërskooljare is daar feitlik geen keusevakke nie, met die gevolg dat daar 'n groot leerkragsparing meegebring word wat 'n veel groter aantal keusevakke in die orige twee jaar moontlik maak as wat vandag die geval in ons skole kan wees.

(ii) Daarby sal die veel vryer stelsel ~~en die~~ moontlikhede van groter groeperings vir die praktiese kursusse en werk-klasse in die Juniorhoërskool, 'n verdere leerkragsparing meebring wat die werk in hierdie klasse geensins nadelig sal beïnvloed nie, maar dié in die Seniorsklasse ten goede sal bekom. Die moontlikheid van groter groeperings vir die "Spesiale Studies" en "Praktiese Kunste" by die Seniorprogramme sal ook dieselfde uitwerking hê, sodat die voorgestelde skemas 'n baie groter speling vir die skoolhoof laat om te manoevreer waar nodig.

(iii) Die aksentverskuiwingspraktyke (hoof- en byvakke) bring 'n verdere oplossing vir baie probleme. Met die verpligting van 'n minimum aantal periodes in die meeste vakke, plus 'n paar addisionele periodes in dié vakke wat as hoofvakke aangebied word, is die hele stelsel sowel hoogs-gedifferensieerd as hoogs-vereenvoudig.

Uit Tabel XIII blyk duidelik, dat die hoogste mate van spesialisasie op hierdie wyse teweeggebring word met die geringste mate van seksieverdelings vir alternatiewe kursusse: vir 'n baie uitgebreide keuseprogram is daar slegs 9 - 13 seksieverdelings-periodes teenoor 31 - 35 periodes waarin daar geen seksieverdelings hoef plaas te vind nie, hoewel moontlike seksieverdelings ook ingevoer kan word by die twee landstale om die klasse vir die hoër en die laer graad te skei soos vandag algemeen-gebruiklik is in ons skole. Die toepassing van die aksentver-

skuiwings-metode as sodanig behoort ook geen moeilikhede op te lewer nie, aangesien enige onderwyser met 'n bietjie vindingrykheid sy werk op so 'n wyse kan indeel, dat hy vir twee periodes per week 'n sekere gedeelte van die werk met die hele klas (hoof- en byvakseksies) kan behandel, en vir die orige drie periodes meer gevorderde werk met dié kleiner gedeelte van die klas doen wat die vak as hoofvak aanbied.

(iv) Met die moontlikheid van gemengde kursusse (byvoorbeeld die Duits-Boekhou-Matesis-kombinasie) vir 'n groot aantal leerlinge, kan dié skole wat nie vir al die moontlikhede van die voorgestelde alternatiewe kursusse voorsiening kan maak nie, die keusevakke tot twee in plek van drie keuses beperk, terwyl die klasse-groeperingsmetode vir sekere vakke ook nog altyd as 'n laaste noodmaatreël kan dien waarvan die meeste van die kleinere klas hoërskole hul in elk geval vandag nog moet bedien in ons huidige stelsel.

(v) Van die allergrootste belang is die feit, dat die moontlikhede tot gedifferensieerde onderwys in hierdie voorgestelde skema aansienlik uitgebrei is, ook vir die kleiner klas hoërskool op die platteland wat nou veel meer aan sy doel sal kan beantwoord deur in die verskillende behoeftes van die meeste leerlinge te voorsien.

7. Verdere implikasies.

Omdat hierdie reorganisasie-skema wil verhoed dat die middelbare onderwys tot eensydigheid sal verval deur die ontaarding van die middelbare skool in

(i) 'n intellektuele buro waarin daar net met abstrakte idees en feite gewerk word, vir welke vorm van onderwys 'n baie hoër persentasie van ons leerpligtige middelbare leerlinge geen aanleg of begeerte het nie, of

(ii) 'n beroepskool wat die leerlinge slegs vir 'n werkkring

wil voorberei, en hul onkundig laat aangaande dié geestelike dinge wat die lewe verryk, en wat ons volksiel moet vrywaar teen 'n algehele ondergang in die materialistiese tydgees, verdien dit die ernstige aandag van elkeen wat dit wel meen met die opvoeding van ons kinders. Ons vind immers dat die geroep om ontydige tegniese opleiding vandag juis al hoe sterker aangehef word, omdat ons hoërskole met hul uitgediende eksamenstelsel en verouderde program van aksie nie meer aan hul doel beantwoord om die kind vir sy volle lewe as mens, burger en werker voor te berei nie.

Dit volg ook dat hierdie twee opvoedingsinrigtings mekaar moet aanvul, dit is: eers nadat die hoërskool vir die wyere algemeen-kulturele opvoeding gesorg het, moet die leerlinge in hul beroepsrigting gedwing word - vakkundig, tegnies of akademies. Uit voorgaande beskouings het dit egter duidelik geblyk, dat dit nie die roeping van die hoërskool is om slegs 'n enge beroepsopleiding te verskaf nie, net so min as wat dit die roeping van die tegniese skole en tegniese kolleges is om die kind vir sy beroep voor te berei voordat hy daardie wyere agtergrond en breër intellektuele en kulturele belangstellings ontwikkel het, waardeur hy later ook op 'n hoër belangstellingsvlak as sy engere beroepsbelange sal kan beweeg. Dis hierdie groot ideaal van 'n groot en integrerende opvoedingstelsel wat vandag op 'n nasionale grondslag nagestrewes moet word en vir welke doel die hoërskool drastiese hervormings sal moet ondergaan na die gees van die voorgestelde skemas. Die beoogde verruiming van die kursus en die ingrypende hervormings in die eksamenstelsel moet noodwendig daartoe lei dat die onderwys meer op werklike insigte as op feitekennis ingestel word, en dat dié breë stroom van kennis en algemene ontwikkeling wat van fundamentele belang vir die voller waardering van die lewe is, tot sy reg sal kom. Vir die onderwys van die skoolvakke sal so 'n skema tot nuwe en groter moontlikhede van aanpassing aan die behoeftes van die kind en die lewe lei.